

*'n Koringvoëlkolonie wat bestaan uit 'n groot aantal individuele slaapneste. Slegs een nes word vir broeidoeleindes gebruik.*

'n Aantal van ons bekende watervoëls, soos die Bleshoender, vertoon ook koöperatiewe broeigewoontes. By dié voëls voer en verdedig die kleintjies van 'n eerste broeisel die nuwe kuikens, wat die ouers meer kans gee om te rus en kragte op te bou na die broeiperiode.

By vele ander Vrystaatse voëls is daar sterk aanduidings van koöperatiewe broeigewoontes. By verskillende muisvoëlspesies lê twee wyfies dikwels eiers in dieselfde nes en daar is aanduidings dat meer as een individu die kuikens voer. 'n Ander baie bekende voël is die Swart Piek wat gereeld in groepies van twee tot ses individue saam gesien word en dit het uit 'n oppervlakkige studie geblyk dat jong voëls vir meer as een seisoen in hul ouers se gebied bly.

Ek is oortuig daarvan dat daar nog baie voëls rondom ons is, wat koöperatiewe broeigewoontes het; ons het hulle nog net nooit raakgesien nie!

# "HE WHO WILL NEVER KEEP A PENNY WILL NEVER HAVE MANY"

**Mej. E. du Toit**

Vanaf Julie tot Oktober 1984 word 'n aantal spaarbussies uit die privaatversameling van mnr. Mervyn Emms, die direkteur van die Poskantoormuseum in Pretoria, in die Nasionale Museum uitgestal.

Mnr. Emms se belangstelling in spaarbussies het ontstaan nadat hy 'n artikel geskryf het oor die enigste spaarbussie wat ooit deur die Poskantoor uitgereik is. Dié spaarbussie het bekend gestaan as "Home Safe" en sedert 1936 tot 1938 is 3 390 daarvan uitgereik waarna die projek gestaak is. Mnr. Emms was nie van plan om spaarbussies vir die Poskantoormuseum te versamel nie, tensy dit direk aansluit by die tema van die museum. Mnr. Emms se belangstelling was egter geprikkel en sedertdien het hy begin om sy privaatversameling so op te bou dat dit tans sowat 440 verskillende spaarbussies insluit. Die versameling bestaan hoofsaaklik uit voorbeelde uit die Negentiende en Twintigste eeu.

Spaarbussies, soos wat dit vandag bekend is, is reeds eeue lank deel van 'n mens se daaglikse lewe. Argeologiese opgrawings toon dat spaarbussies algemeen bekend was aan en besit



*Mnr. Emms, by sy versameling spaarbussies wat tydelik in die Nasionale Museum uitgestal word.*

Romeine. Die spaarbussies is hoofsaaklik van erdeware gemaak in die vorm van 'n kruik met 'n gleuf waar die munte ingegooi kan word. Die enigste manier om die geld uit die erdekruik te kry, was om die houer te breek. Dit het kinders daarvan weerhou om geld uit die spaarbussies te verwyder omdat die getuienis teen jou te groot was!

Gedurende die Middeleeue is spaarbussies feitlik glad nie gebruik nie. 'n Moontlike rede hiervoor is dat munte in hierdie tydperk oor die algemeen met agterdog bejeën is.

In die Sewentiende eeu het spaarbussies egter weer baie gewild geword en sedertdien kom dit algemeen voor. Spaarbussies is van 'n groot verskeidenheid materiale gemaak o.a. erdeware, porselein, brons, tin, silwer, gietyster en hout. In verskillende tye en op verskillende plekke het verskillende materiale en style voorkeur geniet. In die Agtiende en Negentiende eeu het die middelklas van Europa bv. silwer of hout verkies, hoewel ander materiale ook gebruik is.

Gedurende die Negentiende eeu het die gebruik van spaarbussies na Amerika versprei. Spaarbussies van gietyster, wat meganies geopereer word, was tussen ongeveer 1875-1920 baie kenmerkend van die Amerikaanse weergawe van dié artikel.

Sedert ongeveer 1920-1930 en veral na die Tweede Wêreldoorlog het die gebruik van plastiek vir die vervaardiging van spaarbussies al hoe meer gewild geword. Glas en keramiek is tans die grootste kompetisie vir plastiek-spaarbussies.

Spaarvarkies is seker die bekendste en sedert die Agtiende eeu die gewildste vorm van spaarbussies. Die vorm se oorsprong is egter veel ouer as dit: banke, in die sin waaronder dit vandag verstaan word, het eers in die Negentiende eeu in algemene gebruik gekom. Elke persoon of gesin moes self na sy geld omsien. Welgestelde mense kon groot kiste met metaalversterking bekostig, maar arm mense was genoodsaak om hulle geld te begrawe nadat dit in 'n erdehouer geplaas is wat met klei toegestop is. Die ideale vorm van die erdehouers was 'n wye houer met 'n nou opening wat maklik toegestop kon word.

Saam met die gebruik van spaarbussies het 'n hele aantal gewoontes ontstaan. 'n Interessante gebruik, wat met spaarbussies in verband gebring kan word, was die gewoonte van beskermhere van die kuns om aan kunstenaars of vakleerlinge geld in 'n houtbussie te gee op die dag na Kersfees. Vandag nog word na die 26ste Desember as "Boxing Day" verwys en gepraat van 'n "Christmas Box".

Die privaatversameling spaarbussies van mnr. Emms word tot die einde van Oktober in die Nasionale Museum uitgestal, waarna dit na Port Elizabeth geneem sal word.